

## 2 November - SWANGERSKAP

**Skrifgedeelte: Psalm 139:7-18; Job 10:8-12**

**Fokusgedeelte: Job 10:8a (NAV)**

**V**olgens Prediker 11:5 kan mens net so min verstaan hoe gees en liggaam bymekaar uitkom in die skoot van 'n swanger vrou as wat ons die werk van God kan verstaan. 'n Groot verborgenheid, dus. Tog het God in sy Woord twee gedigte gegee waarin Hy iets onthul van wat in 'n swanger vrou afspeel.

Dawid sê dat die Here was by was met sy eerste bestaansvonkie in die skoot van sy moeder. *“U hande het my gevorm”*, bely die geïnspireerde Job.

Verskillende beelde word gebruik om die wonder te verduidelik: soos klei, gevorm deur 'n pottbakker ... Soos melk, uitgegiet ... In 'n kunstige proses omvorm tot kaas. Goddelike kultivering.

Vlegwerk, sê Job: *“Met vel en vlees het U my bekleed en met been en senings het U my deurvleg.”*

Weefwerk, sê Dawid: *U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef. My ontstaan was soos weefwerk.*

God het ons met sy hande gemaak; ons liggame kunstig deurweef soos 'n tapisserie. Elkeen volgens sy plan. Job sê: *“God het daar lewe in gelê en gees.”*

Wat 'n wonder is swangerskap dus! Maar nog 'n groter wonder: nog vóór dit, trouens in die begin al, het God besluit om aan uitverkorenes nie alleen lewe nie, maar selfs ewige lewe te skenk. Daarvoor het Hy sy Seun self gebore laat word; self sy lewe laat gee om dit wat die menselewe beëindig, naamlik die sonde, te vernietig.

En na ons geboorte gaan Hy met ons vorming voort: deur sy Gees omskep Hy ons al meer na die beeld van sy Seun.

*Sing: Psalm 139:6, 7 en 8*

*Ds CJ Nagel (Messina)*